BESPREKINGSARTIKEL:

# Die glans van die verlede

*DEUR*

*PIETER KAPP**

Dit was Jean Jacques Rousseau wat gesê het dat hy dinge wat voor sy oë afspeel, nie kan sien nie. Hy kan net dié dinge sien wat as herinneringe in sy gees werksaam is. Hierdie woorde word weer by 'n mens wakker gemaak wanneer jy onder die besef kom van die intellektuele aktiwiteite op die gebied van die historiografie in die Lae Lande en Duitsland. 'n Mens hoef maar tydskrifte soos *Theoretische Geschiedenis*, *Historisch Nieuwsblad* en *Feit en Fictie* onder oë te neem om dit te besef. Die glans van die verlede verdof nie, dit word trouens teenwoordig weer helderder in die lig geplaas. Die interessante debatte oor die struktuur van die geskiedenis, die narratiewe vorm en die doel en funksie van geskiedenis weerspieël hierdie glans. Die klem wat op die nuwe kultuurgeskiedenis geplaas word, die herwaardering van Huizinga se denke en die pleidooie dat die geskiedenis nie primêr as kundigheid of strategie vir die oplos van hedendaagse probleme bestudeer moet word nie, maar as geestesmanifestasie en singewing in eie reg, is voorbeelde van die herleefde entoesiasme vir die vak.

'n Ander voorbeeld is die pas (Oktober 1998) verskene bundel opstelle wat aan die Leuvense hoogleraar in Geskiedenis Reginald de Schryver by die aanvaarding van sy emeritaat aangebied is.[1] In sy collége by dié geleentheid het De Schryver in dieselfde gees dit gehad oor die tema *Alles op sy Tyd*. Historiese gebeure is wat hulle is, en die vermoë van die mens om dit in sy gees te deurvors 'n gawe van die intellektek en die vermoë tot werklike erudisie. Dit verg 'n rypheid en 'n rykheid van die menslike gees (wat dit wil deurvors) en kan nie deur allerhande kitsmiddels van vraelyste, statistiese ontledings of sosiale teorieë en modelle hanteer word nie.

De Schryver is in Suid-Afrika veral bekend vanweë sy standaard werk in die historiografie wat in veral honneurskursusse gebruik word: *Vyfentwintig eeuwen geschiedtshrijving van West-Europa*.[2] Die insigvolle en sensitiewe

---

* Prof. P.H. Kapp is voorsitter van die Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch.

1. J. TOLLEBEECK, G. VERBEECK en T. VERSCHAFFEL (reds.), *De lectuur van het verleden. Opstellen over de geschiedenis van de geschiedshrijving aangeboden aan Reginald de Schryver*. Universitaire Pers Leuven, (1998).
2. Universitaire Pers Leuven, 1990.

beskrywing van die skeppende verhouding van die Europese mens met die verlede, is juis 'n weerspieëling van De Schryver as die gestileerde, welbelese en diep deurdronge meester van sy vak en beskeie bewonderaar van en verwonderd oor die rykdom en diversiteit van die mens se skeppende vermoëns. Die werk is in werklikheid 'n konkrete illustrasie van die rol en funksie van geskiedenis in die samelewing: die pragmatisme van die geskiedskrywing met sy eeuelange verweefdheid van die historiografie met politiek, godsdiens en literatuur.

De Schryver het hom onderskei as iemand wat 'n breë belangstellling in die geskiedenis het. Trouens iemand wat so 'n werk in die historiografie skryf, is nie 'n eng spesialis nie. Maar ook in sy vakbeoefening het hy verskillende terreine met gesag betree: sy eerste liefde, die *ancien regime*, die geskiedenis van die Vlaamse Beweging, die teoretiese geskiedenis by name die historiografie, en die historiese bedryf. In laasgenoemde verband was hy o.a. mede-verantwoordelik vir die *Tijdschrift voor Geschiedenis* se temanommer van 1974, *Geschiedenis en engagement*. Tydens die krisis oor die posisie van Geskiedenis op skool in die tagtigerjare het hy ook sterk openbare standpunt ingeneem oor die behoud van Geskiedenis as skoolvak en gewaarsku teen 'n kollektiewe geheueverlies. Sy belangstelling vir die noue verhouding tussen die literatuur en die geskiedenis, het hom klem laat lê op die verhalende en beeldende aard van die geskiedenis en die belangrikheid van styl en representasie. Geleerdskrywery, oordrewe akademiesheid en professionalisme het nie sy styl gepas nie.

## Suid-Afrika

De Schryver het net in twee gevalle by die Suid-Afrikaanse geskiedenis betrokke geraak. Die een met Simon Kekana[3], voormalige dosent in Geskiedenis by Vista, se lisensiaatverhandeling in 1980 en die ander met die bekende gepubliseerde proefskrif van J.-M. Goris oor die verhouding tussen België en die Boererepublieke.[4]

Die huldigingsbundel van 33 opstelle, saamgestel deur drie oudstudente wat hulle doktorsgrade onder De Schryver verwerf het en tot onlangs al drie aan die Departement Geskiedenis van die KUL verbonde was, is in meerdere opsigte vir die Suid-Afrikaanse historikus en leser van belang. Al 33 opstelle het 'n historiografiese aanslag en is in ses afdelings verdeel. Afdeling 1 oor die verhouding tussen Geskiedenis en die literatuur is tans besonder aktueel. Die regverdiging van die feit dat Geskiedenis 'n dissipline *sui generis* is en daarom nie 'n aanhangsel tot die sosiale, of die kultuurwetenskappe nie, is vir

3. S. KEKANA NTATSI, A History of the Black People in South Africa to 1795. A Critical Analysis of Nineteeenth Century South African Historiography.

4. J.M. GORIS, *België en de Boerenrepublieken*, 2 volumes. (Kempische Boekhandel), Retie, 1983.

die huidige Suid-Afrikaanse debat oor universiteitsprogramme en die plek van Geskiedenis in die skoolsillabus van aktuele belang. Die herformulering van Geskiedenis as verbeeldingsvolle insig in die artikel van die kuns- en argitektuur historikus Raoul Bauer, behoort daarom deur almal wat by die huidige debat in Suid-Afrika betrokke is, gelees te word. Diegene wat op 'n strakke skeiding van taalonderrig en geskiedenis aandring, kan gerus die opstel van Tom Verschaffel lees oor die historikus en die historiese roman om weer eens te ontdek dat die verdeling van departemente in 'n fakulteit lettere en wysbegeerte in waterdigte skole, 'n verarming is.

Twee afdelings het met die kwessie van die eie en die algemene, die eie geskiedenis en die ander geskiedenis, te doen. Die een afdeling handel oor die vroegmoderne geskiedenis van België, al dan wel Boergondië, die ander oor geskiedenis en die nasie. Hier is dit veral die opstel van die Utrechtse hooglereaar H.W. von der Dunk oor identiteit wat vir Suid-Afrikaners van spesifieke waarde is. Von der Dunk, wat aktief aan die openbare debatte en polemieke in die negentigerjare oor identiteit in Nederland deelgeneem het, beklemtoon dat identiteit nie, soos in die jare sestig en sewentig wyd deur geleerdes verkondig is, bloot 'n pragmatiese, utilitêre en dienstige konstruksie is nie. Identiteit is ook geen instrument vir die mobilisering van politieke of ideologiese aksies nie, hoewel dit dikwels in die geskiedenis so aangewend word. Die gelykstelling van identiteit met die nasiebegrip is ook 'n tydelike historiese verskynsel van die agtiende en neëntiende eeu met die sterk opkoms van die nasionale staat. Taal is ook nie uitsluitend net 'n kommunikasiemiddel nie. Identiteit is geen eenselwige of eenduidige verskynsel nie, maar is nie net 'n lewenswerklikheid vir die mens nie maar ook 'n noodsaaklikheid. 'n Positiewe selfbeeld is immers noodsaaklik vir selfverwesenliking en 'n positiewe selfbeeld is o.a. ook 'n produk van die identiteitsbindinge wat aan mense 'n plek in die samelewing bied. Die gedagte dat die nasie 'n valse konstruksie is, en die wortel van die kwaad van nasionalisme is, is 'n onbillike verstaan van die geskiedenis van identiteit en identiteite.

> Het nationale bestaat niet zonder het regionale, sociale, generationele, professionele. En evenmin bestaat het universeel-menselijke zonder de breking door het prisma van het nationale. We kunnen de concentrische cirkels waarbinnen we leven nooit elimineren om bijvoorbeeld uitsluitend de allergrootste over te houden. (p. 373)

## Geskiedenisonderrig

In die afdeling oor Geskiedenis as wetenskaplike dissipline is die opstel van die Leuvense hoogleraar Raphaël de Keyser oor skoolboeke in die huidige tydsgewrig vir Suid-Afrikaners van buitengewone belang. Leerboeke wat in die onderwys gebruik word, is ook 'n vorm van historiese voorstelling en beeldvorming. Dit val nie in die kategorie van gewone historiografie nie,

omdat dit nie oor die skep van nuwe kennis gaan nie, maar juis oor die wyse waarop historiese kennis in die samelewing ingedra word. De Keyser vestig die aandag daarop dat skoolboeke dien as vertaling van die geskiedwetenskap aan die massa van die bevolking, vir wie dit die eerste en dalk die laaste kennismaking met die geskiedenis verteenwoordig. Daardeur word 'n bepaalde beeld en minder of meerdere ontwikkelde gesindhede by leerlinge gekweek en ontwikkel. Skoolboeke bepaal

> met welke historische bagage jongeren het volwassen leven ingetrokken zijn (p. 333).

Dit is hierdie "bagasie" wat in Suid-Afrika meer aandag trek in die beoordeling van Geskiedenisonderrig as sy werklike taak en funksie, nl. om 'n historiese bewussyn te ontwikkel, geniet. Die ontwikkeling van 'n historiese bewussyn vorm die kern van die onderrig of behoort dit te vorm. Dit behoort vry te wees van die eise om politieke en ideologiese korrektheid. Die indruk wat uit studies soos die van Richard Chernis[5], Auerbach,[6] Dean,[7] Du Preez,[8] en Van Jaarsveld[9] ontstaan, is dit dat dit hoofsaaklik ideologies-politieke oorweginge is wat die aanbieding van Geskiedenis in skoolhandboeke bepaal het. Die klem het geval op die geskiedenisleerboek in diens van die heersende politieke gesag en ideologie. Die onderrig van geskiedenis moes dus gebruik word om die politieke orde en mag van die dag te legitimeer. Diepte-navorsing oor die rol en funksie van geskiedenisleerboeke toon egter dat dit is 'n veel komplekser saak is, aldus De Keyser. Veral in 'n multikulturele samelewing is daar 'n verskeidenheid akademiese, sosiale en persoonlike faktore wat 'n rol speel. In 'n studie van leerboeke in België na die Tweede Wêreldoorlog het Antoon Baets daarop gewys dat dit nie die skrywers van leerboeke is wat die gesindhede en waardes van 'n samelewing bepaal nie. Dit is eintlik andersom: "De

---

5. The Past in service of the Present: a study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990. Ongepubliseerde D. Phil-verhandeling, (UP, 1990).
6. F.E. AUERBACH, *The Power of Prejudice in South African Education. An Inquiry into History Textbooks and the Syllabuses in the Transvaal High Schools of South Africa*. (Johannesburg, 1965).
7. E. DEAN (e.a.): *History in Black and White: An Analysis of South African School History Textbooks*. (UNESCO, 1983).
8. J.M. DU PREEZ, *Africana Afrikaner. Master Symbols in South African School Textbooks*. (Librarius, Alberton, 1983).
9. Vir F.A. van Jaarsveld se uitgebreide bydrae op dié gebied kyk P.H. KAPP, Die Opvoedingsbeeld. F.A. van Jaarsveld oor die opvoedingsrol en die onderrigtaak van geskiedenis in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(2), Junie 1996, pp.130-139.

leerboekauteurs veranderen de maatschappij dus niet, ze veranderen met de maatschappij mee."[10]

De Keyser beklemtoon die verskeidenheid faktore soos die onderwyssillabus, die skoolleerplanne en privaatuitgewers wat 'n rol in die produksie van leerboeke speel. Die pogings in die verlede om die inhoud die leerplan te laat bepaal, is nou vervang deur die uitgangspunt dat die doelstellings wat die vak moet bereik, in Belgiese terminologie die eindterme, die keuse van die inhoud moet bepaal. Dit is 'n standpunt wat ook in Suid-Afrika gehuldig is deur die destydse RGN ondersoekgroep na die posisie van Geskiedenis. In hulle verslag het hulle juis 'n stel kriteria ontwikkel wat vakgerig, kindgerig, didakties georiënteerd en gemeenskapsgevoelig was.[11]

Heelwat ontwikkelde nywerheidslande het in die jare tagtig 'n sg. "krisis van die geskiedenis" ervaar, toe veranderde eise van die owerheid en samelewing gelei het tot 'n aandrang dat Geskiedenis markverwant, beroepsgerig en as bydrae tot die oplossing van die samelewing se probleme omvorm moes word. Dit het o.a. gelei tot pogings om die rol van die vak in skoolsillabusse te verklein. In lande soos Nederland, België, Engeland en die Verenigde State van Amerika het 'n goedgeorganiseerde veldtog, deur die samewerking van verenigings van geskiedenisonderwysers, historici en goedgesindes, aksies geloods om die belangrikheid en waarde van geskiedenis vir opvoeding, onderrig en die samelewing te beklemtoon. Twee belangrike uitkomste van dié suksesvolle mobilisering van idees en kragte was die beklemtoning van twee elemente. Eerstens dat die onderrig van Geskiedenis nie deur die inhoudelike gelei moet word nie, maar deur die kriteria waaraan die leerinhoude moet beantwoord. Die teks oor die waarde en nut van historiese vorming en hoe dit 'n belangrike opvoedings- en onderwysrol behoort te vervul, is die soort standpuntstelling waaraan in Suid-Afrika ook 'n dringende behoefte bestaan.[12] Tweedens dat in die leerboeke al die klem nie op die geskiedwetenskaplike inhoud geplaas moet word nie, maar dat deeglike voorsiening vir geskieddidaktiese norme gemaak moet word. In België, soos De Keyser aantoon, was een van die gevolge hiervan dat dosente en professore in Geskiedenis uit die hoofstroom van teksboekskrywers verdwyn het. (p. 338)

De Keyser lewer 'n pleidooi vir meer akademiese aandag aan en navorsing oor die leerboek in geskiedenis as 'n betekenisvolle historiografiese

---

10. A. DE BAETS: *De figuranten van de geschiedenis. Hoe het verleden van ander culturen word verbeeld en in herinnering gebracht*, p. 14. (Berchem, 1994). Dit is 'n verwerking van sy doktorale proefskrif.
11. *Die Onderrig van Geskiedenis in die RSA*. RGN-Onderwysnavorsingsprogram nr. 7. RGN, Pretoria, 1992.
12. Die teks, uitgegee deur die Vereniging Leraren Geschiedenis en MAVO is in beide Nederlands en Engels beskikbaar. In Nederlands heet dit Historische Vorming. Visitietekst en in Engels Historical Formation: Design of Vision.

vormgewing wat 'n sleutelrol speel in beeldvorming, in teenstelling met geheuevorming, en die ontwikkeling van 'n samelewing se historiese bewussyn. Terwyl hy erkenning verleen aan die verskillende metodes wat in dié navorsing gevolg word, bepleit hy die sistematiese ontwikkeling van meer gesofistikeerde metodes van ondersoek. In hierdie verband verdien die werk van die George Eckhardt Instituut vir Skoolboeknavorsing in Braunschweig, wat in 1951 begin is, vermelding. Die feit dat die Raad van Europa 'n goeie begroting en voltydse personeel tot sy beskikking het om kursusse en konferensies oor die hantering van konflik en verskille in die geskiedenis aan te bied, beteken dat daar promotors van die sofistikering van die geskiedenisleerboek in Europa beskikbaar is.[13]

De Keyser vind dat die poging om skoolboeke deur inhoudsanalise uit die kommunikasiewetenskappe te evalueer (vergelyk die werk van Du Preez hier plaaslik), wel verfyning en sistematisering van die meetinstrumente gebring het, maar dat dit geen antwoord gebied het op die vraag na 'n metode om die teenstelling van die hermeneutiese en die inhoudsanalise te oorbrug nie.

De Keyser se artikel bring weer eens dit onder die aandag dat daar in Europa, met sy lang geskiedenis van diep verdeeldhede, gesofistikeerde kennis en werkwyses ontwikkel is om die glans van die verlede weer in die skoolvak Geskiedenis terug te plaas. Daar is veel wat Suid-Afrika in hierdie verband kan leer. Die pogings van die Eckhardt Instituut om hier plaaslik ook kriteria en kundigheid vir die skryf van leerboeke te ontwikkel, het nie geslaag nie. Die onvermoë van historici en geskiedenisonderwysers om na mekaar uit te reik en georganiserd en doeltreffend die waarde, rol en funksie van Geskiedenis in die onderwys en opvoeding te nuanseer, bly 'n ernstige swakheid. Dit is dalk tyd om weer by Europa, en spesifiek by multikulturele samelewings aldaar, in die leer te gaan.

## Historiografiese verkenning tussen Suid-Afrika en Duitsland

Die opstel in die bundel wat vir Suid-Afrikaners stellig die belangwekkendste is, is dié van Georgi Verbeeck, tans aan sowel die Leuvense as die Maastrichtse departemente Geskiedenis verbonde. As kenner van die historiografie van twintigste eeuse Duitsland is sy vergelykende studie oor moontlike parallelle tussen die geskiedskrywing in Suid-Afrika en Duitsland[14] 'n goeie basis by 'n vergelykende studie van die historiografie in die twee lande. 'n Eerste reaksie by die lees van die titel van die opstel is dat dit nog

---

Net enkele voorbeelde van die werk wat die Raad van Europa in hierdie verband doen: A. LOW-BEER, *The Council of Europe and School History* (Strassbourg, 1997); Report on the initial and in-service training of history teachers in European countries in democratic transition (Strassbourg, 1998).

Een nieuw verleden voor een nieuwe natie: een Duits model voor Zuid-Afrika?

een van daardie bydraes is wat 'n holgeryde vergelyking tussen die nasionaal-sosialisme in Duitsland en apartheid in Suid-Afrika, soos dit in die geskiedskrywing neerslag gevind het, maak. Dit is 'n ongeregverdigde reaksie. Net die vraagteken in die titel moet al as waarskuwing dien. Verbeeck se ontleding is 'n gesofistikeerde een wat van insig en begrip getuig. As spesialis oor die kontemporêre Duitse geskiedskrywing en as iemand wat vrye toegang tot die Engelse en Afrikaanse historiese literatuur het, is dit 'n gebalanseerde en verantwoorde bydrae. Miskien steun hy te veel op June Bam en Pippa Visser se skoolhandboek,[15] maar 'n mens het begrip daarvoor dat van die minder toeganklike bydraes wat in verslae en tydskrifartikels vervat is, nie vir iemand buite die Suid-Afrikaanse historiese bedryf beskikbaar is nie.[16] Dit sou in alle geval waarskynlik nie aan sy geheelontleding verskil gemaak het nie, moontlik net nuanses en beklemtonings beïnvloed het.

Die belangrike vraag wat as vertrekpunt moet dien, is in hoeverre 'n vergelyking van die Duitse en Suid-Afrikaanse ervaring bowendien geregverdig is. Die populêre neiging in die buiteland, en in sommige kringe in Suid-Afrika, om 'n parallel tussen die nazi-tydperk in Duitsland en die apartheidsbewind in Suid-Afrika te trek, is bekend. Dit hang soms saam met 'n eis dat daar 'n Nürnbergverhoor van gesagdraers in Suid-Afrika moet plaasvind. Daar is ook die bekende pogings om Afrikanernasionalisme met Duitse nasionaal-sosialisme gelyk te stel en dit as uitloper van die Duitse ontwikkeling te tipeer. Verbeeck se ontleding is nie aan een van hierdie oppervlakkighede skuldig nie en styg trouens ver bo dit uit.

Dit maak sy opstel 'n belangrike bydrae. In die eerste plek handel sy vergelyking nie oor Nazi-Duitsland en Suid-Afrika soseer nie, maar oor die gebeure in Duitsland sedert 1989 en die invloed wat dit op die geskiedbeoefening het. In die tweede plek beklemtoon hyself (p. 538) dat die geskiedenis van die Duitse Derde Ryk en die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) onvergelykbaar is met dié van Suid-Afrika. Die Duitse geskiedenis moet binne die Europese konteks van rewolusie en kontra-rewolusie verstaan word. Die apartheidsbeleid en -bewind in Suid-Afrika staan buite die Europese konteks en moet in die globale kader van kolonialisme en anti-kolonialisme bestudeer word. Sy argument dat die DDR en Suid-Afrika wel 'n vergelykbare internasionale konteks het, in soverre beide die regerings in Berlyn en in Pretoria in stand gehou is deur internasionale beskermhere omdat die twee lande in die Koue Oorlog belangrike strategiese bondgenote was, is oop vir kritiek. In die geval van Duitsland is dit geldig, in die geval van Suid-Afrika is dit ongenuanseerd omdat dit berus op 'n oorskatting van die belang

15. *A New History for A New South Africa* (Kagiso, Kaapstad, g.d.).

16. Hier word byvoorbeeld gedink aan die publikasie wat deel was van die RGN-ondersoek na groepsverhoudinge in Suid-Afrika, en bydraes in die tydskrif *Gister en Vandag*.

wat die ineenstorting van kommunistiese mag in Europa op die veranderinge in Suid-Afrika gehad het. Toegegee dat politieke retoriek, veral van die kant van F.W. de Klerk en die Nasionale Party, dié faktor graag beklemtoon het, was dit nie 'n bepalende faktor in die veranderinge in Suid-Afrika nie. Dié veranderinge is in die eerste en vernaamste plek die resultaat van eie Suid-Afrikaanse omstandighede en ontwikkelinge.

Die ineenstorting van die kommunisme en die einde van die Koue Oorlog het dit vir die regerende party stellig makliker gemaak om die nuwe beleid aan die kiesers te verkoop, maar 'n nuwe beleid sou kom, ongeag wat die posisie met betrekking tot die Koue Oorlog was. Dit is ook nog 'n vraag waaroor die geskiedenis uitsluitsel moet gee of Europese lande soos Duitsland, Frankryk, Brittanje en die VSA, met hulle kritiek teen en druk op Suid-Afrika om weg te beweeg van apartheid, in die eerste plek in Suid-Afrika as 'n bufferstaat teen kommunisme geïnteresseerd was.[17] Dit was eerder Suid-Afrika se waarde as stabiele staat met groot ekonomiese potensiaal vir invloed in Afrika, wat Westerse lande onwillig gemaak het om 'n aktivistiese beleid van internasionale verset teen Suid-Afrika te steun.

Verbeeck gaan nie uit van 'n vergelyking van die inhoudelike aard van beleid in Suid-Afrika en die Derde Ryk en die DDR nie. Hy aanvaar dit as onvergelykbaar. Wat hom interesseer is die verhouding van die politieke mag van 'n regime en die verlede beeld wat deur daardie regime bevorder word. (p. 535). Hy kritiseer die populêre opvatting dat politieke mag vir Clio sonder meer tot diensmaagd kan maak. Die verhouding tussen politiek en geskiedenis is veel komplekser. Die omgewing waarbinne 'n historikus funksioneer as steunverlenende of as reaksionêre kritikus, kan nie sy geskiedskrywing totaal beïnvloed nie. Individuele faktore en invloede wat eie is aan sy wetenskaplike dissipline speel net so 'n groot rol. Hierdie uitgangspunt van Verbeeck is belangrik wanneer sy uitsprake oor die leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing geevalueer word. Is daardie leemtes, soos hy by implikasie te kenne wil gee, die gevolg van 'n doelbewuste wanvoorstelling van die geskiedenis omdat dit deur 'n Eurosentriese ideologiese bril bekyk is, of is dit die stand van werklike historiese kennis en insig op daardie tydstip? Is dit 'n poging om ander se rol te verkleineer of te negeer, of is dit die resultaat van 'n spesifieke fokus? As byvoorbeeld gelet word op die ontwikkeling in die interpretasie van die Groot Trek, is die wysiginge wat ingetree het juis meegebring deur nuwe kennis oor ander trekbewegings. Nuwe kennis bring belangrike perspektiefwysiginge sonder dat dit noodwendig die essensiële van bepaalde historiese gebeure verander. Dit is byvoorbeeld opvallend, en Verbeeck kan nie verkwalik word dat hy dit nie kon weet nie, hoe dat in die debat oor die geldigheid van die Retief-Dingaan Traktaat veral in Engelse en

17. T. BORSTELMANN: *Reluctant Uncle. The United States and Southern Africa in the Early Cold War* (Oxford University Press, New York, 1993).

buitelandse geskrifte, die baie ou studie van Cory, Preller en Blommaert oor die egtheid van die traktaat, nooit genoem word nie.[18]

In sy bespreking van die Suid-Afrikaanse historiografie volg Verbeeck die bekende bane van werke wat hieroor verskyn het. Dit is terloops bane wat ernstige aanvulling vereis omdat dit te sterk op bepaalde algemene werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebaseer is en te min aandag gee aan gespesifiseerde en ongepubliseerde navorsing van gehalte. Die waarde van Verbeeck se interpretasie is geleë in die insigte wat hy deur vergelyking in die funksie van die historiografie bied. Dit is die resultaat van sy deurlopende navorsing oor die rol van mag, oorheersing en onderdrukking (repressie in sy Nederlands) en die historiese beeld of voorstelling (representasie in sy Nederlands).[19] In hierdie verband wys hy op die volgende vergelykbare ontwikkelinge:

- In beide die voormalige DDR en in Suid-Afrika is 'n dekonstruksie van die geldende waardes en magsverhoudinge belangrik. 'n Verskil tussen die twee is dat terwyl die Marxisme en die neo-Marxisme in eersgenoemde volledig gediskrediteer is, dit in Suid-Afrika behoue gebly het.
- In beide lande is daar die behoefte aan die skep van 'n nasionale geskiedbeeld, die strewe om 'n konsensusmodel oor en vir die verlede, te ontwikkel
- In beide lande word die oproep om 'n verwerking van die verlede met die skepping van 'n demokratiese kultuur verbind. Aan die geskiedenis word 'n besondere eise gestel: die skepping van 'n idealistiese visie op die geskiedenis wat aan die verlede 'n "louterende" funksie verleen.

Aan al drie elemente, sê Verbeeck, is ernstige gevare verbonde. Die nastrewing van eksterne politieke doelstellings soos die een nasie konsep kan so maklik in anachronismes verval. Dit is die taak van die geskiedwetenskap

---

18. G.E. Cory, G. Preller, W. Blommaert: *Die Retief-Dingaan Ooreenkoms* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1924).

    Vergelyk in hierdie verband o.a. die volgende ander studies van Verbeeck: Geschiedschrijving en politieke cultuur. DDR-historici over de 'weg naar het fascisme' (Acco, Leuven, 1992). (Dit is sy gepubliseerde proefskrif). *Geschiedwetenschap. Ideologische legitimatie en 'Natievorming' in de DDR, in Van tweespalt naar eenheid. Beschouwingen over het democratiseringsproses in Centraal- en Oost-Europa. Belgisch Kamer van Volksvertegenwoordigers*, Brussel, 1990. As redakteur: *De verdwene gaskamers* (Acco, Leuven, 1997). "Lessen uit het verleden" Historische analogie als antifascis wapen?, in H. de Witte (red.), *Bestrijding van racisme en rechts-extremisme. Wetenschappelijke bijdragen aan het maatschappelijk debat* (Acco, Leuven, 1997).

om uitdrukking aan die inhoud van die geskiedenis te gee; dit is nie die taak van politieke konsensussoekers, drukgroepe of minderhede met hulle eise en verwagtinge nie. Hierdie baie geldige uitspraak beteken dat daar in die Suid-Afrikaanse geskiedbedryf met hoë intellektuele integriteit en gebalanseerdheid onderrig en navorsing gedoen moet word. In die lig van Verbeeck se uitspraak en sy eie ontleding word in hierdie verband op enkele sake gewys:

> Een van die lastige probleme in die hantering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is die kwessie van identiteit omdat daar enersyds wanbegrip oor die saak bestaan en daar andersyds wantroue, dikwels histories, polities en ideologies geinspireer, bestaan. Hierdie wantroue kom veral navore in uitsprake wat beklemtoning van die belangrikheid van identiteit as kategorie in historiese beeldvorming, gelykstel met etniese separatisme en dié weer koppel aan neo-apartheid. Verbeeck laat hom in hierdie verband lei deur Bam en Visser se uitspraak dat multikulturalisme en etniese separatisme nie maklik van mekaar te onderskei is nie (p. 556, voetnoot 76). Identiteit is 'n historiese gegewe. Daar kan debat gevoer word oor die waarde en betekenis daarvan, maar dat dit 'n werklikheid is met groot implikasies in die Suid-Afrikaanse situasie is 'n feit wat in die land se grondwet prominent erken word. Die teorie en die praktyk in Suid-Afrika is nie in harmonie nie en mens kry dikwels die indruk dat die teorie doelbewus met die mond bely word terwyl die praktyk doelbewus genegeer of afgeskaal word. Verbeeck se waarskuwing oor die probleme verbonde aan konsensussoek oor die nasie-konsep is geldig.
>
> Die naasmekaar bestaan van verskillende interpretasies en waardes wat aan bepaalde gebeure in die Suid-Afrikaanse verlede geheg word, is 'n opsie waaraan nie voldoende andag in literatuur gegee word nie, en dit ontbreek ook by Verbeeck. Multiperspektiwiteit as 'n aspek van multikulturalisme is straks 'n beter metode om aan die Suid-Afrikaanse solidariteitsgevoel uitdrukking te gee as pogings om konsensus oor 'n Suid-Afrikaanse nasie, as meer en anders as 'n staatkundige uitdrukking, te probeer skep. Die betreklik resente nuwe terrein van historiese arbeid - Openbare Geskiedenis/*Public History* - is 'n aspek wat vorentoe in Suid-Afrika veel meer aandag moet kry. Maar ook dit sal teen politieke maneuvreerdery en ideologiese werfplakkers beskerm moet word. Die naasmekaar bestaan van 'n Afrikaner en 'n Zoeloemonument by Bloedrivier/Encome is 'n betekenisvolle eksperiment in hierdie verband.
>
> Die hantering van terminologie is 'n aspek waarop Verbeeck ook wys. Sy uitspraak, in navolging van Bam en Visser, dat verskillende terminologie 'n voorbeeld van etniese separatisme is, (p. 552) moet bevraagteken word. Dit werk eerder verhelderend ten opsigte van 'n ingewikkelde verlede as wat dit verswarend hoef te werk. 'n Goeie

voorbeeld is die tans aktuele kwessie van die Anglo-Boereoorlog se benaming. Hopelik het die debat hieroor, soos veral op die 1997 vergadering van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging geblyk het, juis onderstreep dat die benaminge Anglo-Boereoorlog en Suid-Afrikaanse Oorlog naasmekaar kan en moet bestaan. Dit dui trouens duidelik aan dat daar verskillende sienings moontlik en geregverdig is. Die benaming Suid-Afrikaanse Oorlog is 'n Britse skepping ten tye van die oorlog en was 'n handige manier om die aandag af te trek van die Britse aggressiewe rol in die oorlog. Van Afrikaanse en sommige swart kante is tereg beswaar gemaak teen die benaming Suid-Afrikaanse Oorlog omdat dit niksseggend is. Suid-Afrika was in 1899 'n geografiese uitdrukking en dié benaming sê niks oor die wese van die oorlog nie. Dit was 'n oorlog tussen Brittanje en die twee Boererepublieke, daarom is die benaming Anglo-Boereoorlog ten volle geregverdig en 'n beter tipering van die wese van die oorlog. Dit impliseer op geen manier dat ander bevolkingsgroepe en ander streke in suidelike Afrika nie by die oorlog betrokke was of daardeur geraak is nie. Net soos die Frans-Pruisiese oorlog van 1871 op geen manier suggereeer dat die res van Europe nie betrokke en geraak was nie.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie en sy rol en betekenis vir die geskiedskrywing en beeldskepping is 'n saak wat nog heelwat debat in Suid-Afrika sal uitlok. Om dit nou reeds te beoordeel as 'n katalisator in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en geskiedskrywing is nie net voortydig nie, maar gevaarlik. Dit sal nie verbaas as die uiteindelike oordeel van die geskiedenis is dat die WVK en die beeld wat hy van homself geskep het en die verwagtinge wat vir hom gekoester is in beide ondersteunende en veroordelende kampe, onrealisties was nie. Dat die WVK 'n bron van nuwe inligting oor 'n aantal spesifieke sake gaan wees, is sonder twyfel. Die feit dat hy oor die mag beskik het om amnestie aan mense te verleen, het beslis 'n uitwerking op die waarde en aard van sy bronne as 'n alleenstaande grondslag vir historiese kennis. Uit 'n historiese oogpunt gesien sal dit aanvullende en nie uitsluitlike inligting kan wees nie. Dat die WVK 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verteenwoordig, en as sodanig met Duitse gebeure vergelyk kan word, of as model vir die wêreld kan geld, moet ernstig in twyfel getrek word. Die WVK was uit en uit 'n politieke instrument ten spyte van die duur en kragtige pogings wat aangewend was om dit as 'n geregtigheids- en morele instrument voor te stel. Die WVK wou twee dinge met mekaar versoen wat nie te versoen is nie. Die eerste is dat waarheid en versoening deur een en dieselfde kommissie hanteer kan word. Waarheid is omstrede en maak seer. Versoening vereis 'n totaal ander stel kriteria. Dit word dan ook in sekere kringe gevra of die WVK nie dalk die proses van versoening meer skade as goed gedoen het nie. 'n Tweede onmoontlikheid wat die WVK met mekaar probeer versoen het, was 'n

politieke motief (wraak op 'n vorige regering en samelewing) en historiese reg en geregtigheid. Daarom is Verbeeck se opmerking dat vertolking en beeldvorming van die verlede die geskiedenis se taak is, ook hier van toepassing.

- Geskiedenis handel oor die proses van verandering en kontinuïteit oor tyd. In beide Duitsland en Suid-Afrika is al die aandag tans op die magte van verandering toegespits. Wanneer genoeg tyd verloop het dat 'n meer gebalanseerde perspektief navore kan tree, sal die magte van kontinuïteit weer ook tot die prentjie toetree. Is die eerste tekens daarvan nie reeds in Suid-Afrika waarneembaar nie? Die geweld en misdaad, die moorde op boereplase en die probleme met veediefstalle in bepaalde grensgebiede sal dalk weer die aandag vestig op die rol van sulke destabiliserende faktore in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Die waardevolle historiese insigte wat Verbeeck met sy vergelykende studie gebring het, behoort deur hom en Suid-Afrikaanse historici van tyd tot tyd opgevolg te word. Dit sal bevestig dat die vergelykende studie in die geskiedenis 'n opwindende en intellektueel uitdagende en hoogs bevredigende aktiwiteit is. Dit kan 'n bydrae lewer om die huidige vlug van die geskiedenis in Suid-Afrika teen te werk deur aan te toon hoe Suid-Afrikaanse ontwikkelinge in 'n breër patroon inpas. So kan dit help om die glans van die verlede nie as politieke en ideologiese selfregverdiging nie, maar as onontwykbare menslike verpligting en noodsaak tot selfontwikkeling en selfverryking, te herstel.